

Aros

Prospektus

INHOUD

ALGEMENE INLIGTING 3
Roepingsgedrewe studente 3
Taalbeleid 3
Wat is praktiese onderwys? 3
Waar werk ek tydens my studie? 3
Waar kan ek soek vir werk? 3
Waar kan ek soek vir verblyf? 3
Beurse en lenings 3
Aros-opedag en kampuskuierdag 3
Navrae 3
Webblad 3

TOELATINGSVEREISTES VIR 2021 4
Berekening van die toelatingspunt 4
BEd in Grondslagfase-onderrig 5
BEd in Intermediêre Fase-onderrig 5
BEd in Senior Fase en Verdere Onderwys en Opleiding-onderrig 5
NGOS (Nagraadse Onderwyssertifikaat) 6

BEd IN GRONDSLAGFASE-ONDERRIG 8
Modus van aflewering 8
Programinligting 9
Kostes 9
Programuiteensetting 9

BEd IN INTERMEDIÊRE FASE-ONDERRIG 11
Vir watter spesialiseringsrigtings kan ek kwalifiseer? 11
Modus van aflewering 11
Programinligting 12
Kostes 12
Programuiteensetting 12-13

BEd IN SENIOR FASE EN VERDERE ONDERWYS EN OPLEIDING-ONDERRIG 15
Vir watter spesialiseringsrigtings kan ek kwalifiseer? 15
Modus van aflewering 15
Programinligting 16
Kostes 16
Programuiteensetting 16-17

DIPLOMA IN GRAAD R-ONDERRIG 19
Modus van aflewering 19
Programinligting 20
Kostes 20
Programuiteensetting 20

NGOS 22
Vir watter spesialiseringsrigtings kan ek kwalifiseer? 22
Modus van aflewering 23
Programinligting 24
Kostes 24
Programstruktuur 24

ALGEMENE INLIGTING

ROEPINGSGEDREWE STUDENTE

By Aros word studente begelei om die onderwysberoep ten eerste as 'n roeping van die Here te aanvaar en te ervaar. Wanneer onderwys as 'n roeping gesien word, gee dit sin en betekenis aan die onderwysberoep. Studente wat by Aros studeer het, beskik oor beroepsgerigte opleiding. Hiertydens word daar ook op die ontwikkeling van Christelike waardes in die klaskamer gefokus. Aros-studente is hoog in aanvraag by Afrikaanse en Engelse privaat- en openbare skole, 'n verskeidenheid van ander opvoedkundige instellings en ook op internasionale vlak.

TAALBELEID

Aros volg 'n beleid van moedertaalonderrig waar onderrig en leer in Afrikaans plaasvind. Administratiewe en akademiese kommunikasie met studente, dosente en administratiewe personeel geskied in Afrikaans.

WAT IS PRAKTIESE ONDERWYS?

Praktiese onderwys is die praktiese gedeelte van die kwalifikasie. Hiertydens word daar van studente verwag om gedurende 'n vasgestelde periode praktiese ondervinding in skole op te doen. Die student word gemonitor en geassesseer deur Aros se akademiese personeel. Alle skole moet binne 'n radius van 165 km vanaf Aros wees.

WAAR WERK EK TYDENS MY STUDIE?

Aros se onderrigmodel is voordelig in die sin dat 'n student die geleentheid het om deur die week as 'n onderwyser of onderwysassistent te kan werk, wat 'n wonderlike en praktykgerigte leergeleentheid skep.

Studente kan by skole aansoek doen om 'n betrekking en daarna aangestel word as 'n onderwyser of onderwysassistent. Die kontrak vind tussen die student en die skool plaas en Aros het min of geen insae in die eise wat die skool aan die student stel nie.

Studente wat voltyds by skole betrokke is, word aangeraai om hul studie oor 'n langer periode te versprei. Dit is egter nie 'n vereiste dat studente by 'n skool werksaam is nie.

Studente in ander beroepe of wat voltyds slegs op hulle studie wil fokus, word ook geakkommodeer.

WAAR KAN EK SOEK VIR WERK?

Verskeie buite-instansies plaas poste op Aros se webblad: www.aros.ac.za/poste

WAAR KAN EK SOEK VIR VERBLYF?

Verskeie buite-persone plaas verblyfopsies op Aros se webblad: www.aros.ac.za/verblyf

BEURSE EN LENINGS

Beurse en lenings is beskikbaar by die volgende instansies en studente is verplig om self met hierdie instansies kontak te maak.

- Rapport Onderwysfonds (www.rof.org.za)
- Helpende Hand Studiefondssentrum (www.helpendehand.co.za/studiefonds)
- Atterbury Trust (www.atterburytrust.org/inligting)
- Afrikaanse Toekomstrust (https://afrikaansetoekomstrust.org)
- Aros maak ook voorsiening vir beurse en merietebeurse. Vir verdere navrae hieroor, kontak Aros se finansiële afdeling (info@aros.ac.za)

AROS-OPEDAG EN KAMPUS-KUIERDAG

9 Mei 2020 en 17 Oktober 2020

Bespreek jou plek aanlyn. Gebruik die volgende skakel:
www.aros.ac.za

NAVRAE:
hallo@aros.ac.za
012 332 3227

WEBBLAD:
www.aros.ac.za

TOELATINGSVEREISTES VIR 2021

BEREKENING VAN DIE TOELATINGSPUNT

(a) Die prestasie wat in 7 vakke behaal is, word gebruik om die toelatingspunt te bereken.

(b) Die volgende 4 vakke is verpligte vakke en vorm deel van die 7 vakke soos in (a) hierbo genoem: Huistaal, Eerste Addisionele Taal, Wiskunde of Tegniese Wiskunde of Wiskundige Geletterdheid en Lewensoriëntering.

(c) Goedkeuring vir graadstudie word verleen wanneer 'n Senior Sertifikaat geëndosseer is tydens inskrywing. Hiertydens moet die persoon voldoen aan die minimum vereistes vir toelating tot graadstudie aan 'n tersiêre instelling. 'n Persoon verkry goedkeuring vir graadstudie, indien 'n APS-telling van 4 (50-59%) in minstens vier vakke behaal is.

(d) Aros maak gebruik van 'n formule om toelating tot die instelling te bepaal. Die persentasie behaal in elke vak word gebruik en op grond van die formule word 'n punt verkry. Deur 7 vakke se punte bymekaar te tel, word 'n toelatingspunt verkry. Hierdie toelatingspunt word gebruik om vas te stel vir watter programme toelating verkry kan word. Onderstaande tabelle dui die formule aan wat gebruik word ten einde die toelatingspunt te bepaal.

Groep 1: [Formule: Persentasie behaal X2, byvoorbeeld 60% = 120 punte]
Besigheidstudies
Dramakunste
Ekonomie
Fisiese Wetenskappe
Geografie
Geskiedenis
Ingenieursgrafika en -ontwerp
Inligtingstegnologie
Landbouwetenskappe
Lewenswetenskappe
Musiek
Rekeningkunde
Religiestudies
Tale (Slegs een addisionele taal (3e taal) mag bygevoeg word vir toelating.)
Verbruikerstudies
Visuele Kunste
Wiskunde

Groep 2: [Formule: Persentasie behaal X1, byvoorbeeld 60% = 60 punte]
Wiskundige Geletterdheid
Dansstudies
Elektriese Tegnologie
Gasvryheidstudies
Landboubestuurspraktyk
Landboutegnologie
Meganiese Tegnologie
Rekenaartoepassingstegnologie
Siviele Tegnologie
Tale (nie-amptelike tale)
Tegniese Wetenskappe
Tegniese Wiskunde
Toerisme
Enige ander vak wat nie in groep 1 en 2 genoem is nie.

BEd IN GRONDSLAGFASE-ONDERRIG

(a) Voornemende studente moet oor 'n toelatingspunt van ten minste **600** beskik om tot die program toegelaat te word.

(b) Voornemende studente met 'n punt van ten minste **519** sal in aanmerking kom vir plasing op die waglys. Sodanige studente sal teen 31 Oktober toelating kan ontvang sou kapasiteit dit toelaat.

(c) Om toelating tot die program te verkry, moet voornemende studente oor die vereiste toelatingspunt beskik. Dié wat egter nie gedurende die matrikulasie-eksamen goedkeuring vir graadstudie ontvang het nie, kan vir twee jaar voorwaardelik tot die kurrikulum toegelaat word, mits voorgeskrewe modules ter bemagtiging van die persoon, tot bevrediging van Aros deurloop is teen betaling van die voorgeskrewe gelde en op 'n tyd en wyse deur Aros bepaal.

BEd IN INTERMEDIÊRE FASE-ONDERRIG

(a) Voornemende studente moet
- oor goedkeuring vir graadstudie beskik;
- oor 'n toelatingspunt van ten minste **600** beskik (studente met 'n punt van ten minste **519** sal in aanmerking kom vir plasing op die waglys; sodanige studente sal teen 31 Oktober toelating kan ontvang sou kapasiteit dit toelaat);
- 'n APS-telling van ten minste 4 (50-59%) in Afrikaans Huistaal en 3 (40-49%) in Engels Eerste Addisionele Taal behaal het.

(b) Vakspesifieke vereistes:
- Studente wat die Wiskunde- en Natuurwetenskappe-program (O210P) wil volg, moet 'n APS van minstens 4 (50-59%) in Wiskunde behaal het. Fisiese Wetenskappe, Lewenswetenskappe of Geografie word aanbeveel.
- Daar is geen spesifieke vereistes vir toelating tot die Lewensvaardighede en Sosiale Wetenskappe-program (O211P) nie.

B.Ed IN SENIOR FASE EN VERDERE ONDERWYS EN OPLEIDING-ONDERRIG

a) Voornemende studente moet
- oor goedkeuring vir graadstudie beskik;
- oor 'n toelatingspunt van ten minste **600** beskik om tot die program toegelaat te word.

b) Voornemende studente met 'n punt van ten minste **519** sal in aanmerking kom vir die plasing op die waglys. Sodanige studente sal teen 31 Oktober toelating kan ontvang, sou kapasiteit dit toelaat. 'n APS van 4 is noodsaaklik indien Wiskunde as vak gekies word en 'n APS van 5 vir Afrikaans Huistaal, Engels Huistaal of Engels Eerste Addisionele Taal in die die Tale-rigring gekies word.

*Om die Aros-toelatingspunt te bereken, volg die skakel:
http://aros.ac.za/application/admission

NGOS (NAGRAADSE ONDERWYSSERTIFIKAAT)

Voornemende studente moet in besit wees van 'n 360-krediet NKR-vlak 6 diploma of 360-krediet NKR-vlak 7 Baccalaureus-graad met die vakkombinasies wat volg vir die aanbieding van twee onderrigmetodologieë, naamlik een Senior Fase-vak en een Verdere Onderwys en Opleiding-vak. Toelatingsvereistes vir NGOS (Senior Fase en Verdere Onderwys en Opleiding-onderrig) behels 'n Senior Fase spesialisasie (toepaslike vakke op tweedejaarsvlak) en 'n Verdere Onderwys en Opleiding spesialisasie (toepaslike hoofvak ten minste op tweedejaarsvlak op NKR-vlak 7 voltooi).

Verdere Onderwys en Opleiding Onderrig-vakmetodiek:
Voornemende studente moet een Verdere Onderwys en Opleiding(VOO)-vakmetodiek kies van 'n skoolvak wat tot op tweedejaarvlak (NKR-vlak 7) geslaag is. Indien tale as 'n hoofvak in VOO gekies word, is die voorvereiste dat dit tot op derdejaarvlak (NKR-vlak 7) geslaag is.

BEd in

GRONDSLAGFASE-

onderrig

BEd IN GRONDSLAGFASE-ONDERRIG

Die BEd in Grondslagfase-onderrig is spesifiek gerig op die opleiding van onderwysers wat binne die grondslagfase (Graad R tot 3) onderrig wil gee. Binne die verskillende spesialiseringsvelde van die kurrikulum word daar gefokus op die onderrig van Huistaal, Eerste Addisionele Taal, Wiskunde en Lewensvaardighede.

MODUS VAN AFLEWERING

- Studente woon verpligte kontaksessies op Vrydae (14:00 - 22:00) OF Saterdae (07:00 - 15:00) by Aros se kampus in Waverley te Pretoria by.
- Onderrigondersteuning vind deurlopend deur middel van e-Klas (aanlyn) plaas.
- Praktiese onderwys: Daar word van studente verwag om vir bepaalde tye praktiese ondervinding by skole op te doen. Studente word vir die praktiese onderwysperiode deur Aros by 'n skool geplaas. Dit geld vir gevalle waar die student nie alreeds by 'n skool betrokke is nie.
  - Eerstejaarstudente begin met praktiese onderwys in die derde skoolkwartaal.
  - Tweedejaarstudente voltooi twee aaneenlopende tydperke van drie weke elk. Die tydperke word tydens die tweede en derde skoolkwartaal voltooi.
  - Derdejaarstudente voltooi ook twee aaneenlopende tydperke van drie weke elk gedurende kwartaal een, twee en drie.
  - Vierdejaarstudente voltooi drie aaneenlopende tydperke van drie weke elk. Die eerste drie weke vind plaas wanneer die skool in die eerste kwartaal begin.

BEd in Grondslagfase-onderrig	
Programinligting	• NKR-vlak 7: 510 krediete • Aantal modules per jaar: ± 6 modules per semester • Tydsduur: 4 jaar
Kostes: Jaar 1	• Aansoekgelde: R250 • Registrasie: R3 500 (eerste deposito) • Klasgelde: ±R 46 000 (eerste deposito ingesluit) • Handboeke: ± R5 500
Programuiteensetting Jaar 1	Akademiese Geletterdheid; Afrikaans Lees; Inleiding tot Rekenaarvaardighede; Kritiese Denke en Probleemoplossing; Leer- en Lewenstrategieë; Elementêre Wiskunde; Onderwys in Suid-Afrika; Onderrig van Huistaal 1; Didaktiek; Religiestudies; Afrikaans; English Reading; Opvoedkundige Sielkunde 1; Bybelkunde 1; Klaskamerbestuur; Onderrig van Wiskunde 1; Onderwyspraktyk 1.
Jaar 2	Assessering; Bybelkunde 2A; Opvoedkundige Sielkunde 2A; Onderrig van Huistaal 2A; Onderrig van Wiskunde 2; Onderwyspraktyk 2; Bybelkunde 2B; English; Opvoedkundige Sielkunde 2B; Onderrig van Huistaal 2B; Onderrig van Lewensvaardighede: Visuele Kuns; Onderrig van Lewensvaardighede: Uitvoerende Kuns.
Jaar 3	Bybelkunde 3A; Leerderondersteuning 3; Sosiopedagogiek; Onderrig van Lewensvaardighede: Persoonlike en Sosiale Welsyn, Liggaamlike Opvoeding, Gesondheid en Veiligheid; Onderrig van Wiskunde 3; Onderwyspraktyk 3; Bybelkunde 3B; Filosofie van die Opvoedkunde 3; Kurrikulumstudies; Teaching of an Additional Language; Sepedi Kommunikasievlak.
Jaar 4	Bybelkunde 4; Leerderondersteuning 4A; Navorsingsteorie; Onderrig van Lewensvaardighede: Aanvangskennis; Onderwyspraktyk 4; Filosofie van die Opvoedkunde 4; Leerderondersteuning 4B; Navorsingsprojek.

BEd in

INTERMEDIÊRE FASE-

onderrig

BEd IN INTERMEDIÊRE FASE-ONDERRIG

Die BEd in Intermediêre Fase-onderrig (Graad 4 tot 7) rus die student toe om die vakspesifieke beginsels en teorie van die spesifieke fase te verstaan en in die praktyk toe te pas.

VIR WATTER SPESIALISERINGSRIGTINGS KAN EK KWALIFISEER?

Daar is twee spesialiseringsrigtings waarvoor jy kan kwalifiseer:

1. Wiskunde en Natuurwetenskappe

Studente wat die Wiskunde- en Natuurwetenskappe-rigting wil neem, moet ten minste 50% in Wiskunde behaal het.
(Studente met Wiskundige Geletterdheid kwalifiseer nie vir hierdie rigting nie.)

2. Lewensvaardighede en Sosiale Wetenskappe

Studente wat die Lewensvaardighede- en Sosiale Wetenskappe-rigting wil neem, het geen spesifieke vakvereistes nie.

MODUS VAN AFLEWERING

- Studente woon verpligte kontaksessies op Vrydae (±13:00 - 22:00) OF Saterdae (07:00 - 16:00) by Aros se kampus in Waverley te Pretoria by.
- Onderrigondersteuning vind deurlopend deur middel van e-Klas (aanlyn) plaas.
- Praktiese onderwys: Daar word van studente verwag om vir bepaalde tye praktiese ondervinding by skole op te doen. Studente word vir die praktiese onderwysperiode deur Aros by 'n skool geplaas. Dit geld vir gevalle waar die student nie alreeds by 'n skool betrokke is nie.
  - Eerstejaarstudente begin met praktiese onderwys in die derde skoolkwartaal, deur een tydperk van drie aaneenlopende weke te voltooi.
  - Tweedejaarstudente voltooi twee tydperke van drie aaneenlopende weke elk tydens die die tweede en derde skoolkwartaal voltooi.
  - Derdejaarstudente voltooi twee tydperke van drie aaneenlopende weke elk tydens die tweede en derde skoolkwartaal.
  - Vierdejaarstudente voltooi twee tydperke van drie aaneenlopende weke elk.

BEd in Intermediêre Fase-onderrig		
	Wiskunde en Natuurwetenskappe	**Lewensvaardighede en Sosiale Wetenskappe**
Programinligting	• NKR-vlak 7: 548 krediete • Aantal modules per jaar: ± 8 modules per semester • Tydsduur: 4 jaar	• NKR-vlak 7: 554 krediete • Aantal modules per jaar: ± 8 modules per semester • Tydsduur: 4 jaar
Kostes: Jaar 1	• Aansoekgelde: R250 • Registrasie: R3 500 (eerste deposito) • Klasgelde: ±R 46 000 (eerste deposito ingesluit) • Handboeke: ± R5 500	• Aansoekgelde: R250 • Registrasie: R3 500 (eerste deposito) • Klasgelde: ±R 46 000 (eerste deposito ingesluit) • Handboeke: ± R5 500
Programuiteensetting Jaar 1	Akademiese Geletterdheid; Afrikaans Lees; Inleiding tot Rekenaarvaardighede; Onderwys in Suid-Afrika; Religiestudies; Didaktiek; Afrikaans Huistaalonderrig 1; English Reading; Opvoedkundige Sielkunde 1; Bybelkunde 1; Klaskamerbestuur; English First Additional Language Teaching 1; Onderwyspraktyk 1; Inleiding tot Ekonomiese en Bestuurswetenskappe. **Die volgende twee modules stel die student in staat om Sosiale Wetenskappe en Lewensvaardighede aan te bied (niespesialisering):** Oriëntering tot Sosiale Wetenskappe-onderrig; Oriëntering tot Lewensvaardighede-onderrig. **Spesialiseringsmodules:** Oriëntering tot Natuurwetenskap en Tegnologie-onderrig; Oriëntering tot Wiskunde-onderrig.	Akademiese Geletterdheid; Afrikaans Lees; Inleiding tot Rekenaarvaardighede; Onderwys in Suid-Afrika; Religiestudies; Didaktiek; Elementêre Wiskunde vir Intermediêre Fase; Afrikaans Huistaalonderrig 1; English Reading; Opvoedkundige Sielkunde 1; Bybelkunde 1; Klaskamerbestuur; English First Additional Language Teaching; Onderwyspraktyk 1; Inleiding tot Ekonomiese en Bestuurswetenskappe. **Die volgende twee modules stel die student in staat om Wiskunde en Natuurwetenskappe aan te bied (niespesialisering):** Oriëntering tot Wiskunde-onderrig; Oriëntering tot Natuurwetenskap en Tegnologie-onderrig. **Spesialiseringsmodules:** Oriëntering tot Sosiale Wetenskappe-onderrig; Oriëntering tot Lewensvaardighede-onderrig.

	Wiskunde en Natuurwetenskappe	Lewensvaardighede en Sosiale Wetenskappe
Jaar 2	Opvoedkundige Sielkunde 2; Bybelkunde 2; Assessering; English First Additional Language Teaching 2; Afrikaans Huistaalonderrig 2; Onderwyspraktyk 2; Wiskunde-onderrig 2; Natuurwetenskap en Tegnologie-onderrig 2; Sepedi Kommunikasievlak.	Opvoedkundige Sielkunde 2; Bybelkunde 2; Assessering; English First Additional Language Teaching 2; Afrikaans Huistaalonderrig 2; Onderwyspraktyk 2; Sosiale Wetenskappe-onderrig 2; Lewensvaardighede-onderrig 2; Sepedi Kommunikasievlak.
Jaar 3	Sosiopedagogiek; Leerderondersteuning 3; Bybelkunde 3; Omgewingsopvoeding vir Volhoubare Ontwikkeling; English First Additional Language Teaching 3; Afrikaans Huistaalonderrig 3; Onderwyspraktyk 3; Wiskunde-onderrig 3; Natuurwetenskap en Tegnologie-onderrig 3; Filosofie van die Opvoedkunde 3; Kurrikulumstudies.	Sosiopedagogiek; Leerderondersteuning3; Bybelkunde 3; Omgewingsopvoeding vir Volhoubare Ontwikkeling; English First Additional Language Teaching 3; Afrikaans Huistaalonderrig 3; Onderwyspraktyk 3; Sosiale Wetenskappe-onderrig 3; Lewensvaardighede-onderrig 3; Filosofie van die Opvoedkunde 3; Kurrikulumstudies.
Jaar 4	Leerderondersteuning 4; Bybelkunde 4; Navorsingsteorie; English First Additional Language Teaching 4; Afrikaans Huistaalonderrig 4; Onderwyspraktyk 4; Wiskunde-onderrig 4; Natuurwetenskap en Tegnologie-onderrig 4; Filosofie van die Opvoedkunde 4; Navorsingsprojek.	Leerderondersteuning 4; Bybelkunde 4; Navorsingsteorie; English First Additional Language Teaching 4; Afrikaans Huistaalonderrig 4; Onderwyspraktyk 4; Sosiale Wetenskappe-onderrig 4; Lewensvaardighede-onderrig 4; Filosofie van die Opvoedkunde 4; Navorsingsprojek.

BEd in

SENIOR FASE EN VERDERE ONDERWYS EN OPLEIDING-ONDERRIG

BEd in SENIOR FASE EN VERDERE ONDERWYS EN OPLEIDING-ONDERRIG

Die B.Ed SF & VOO rus die student toe om die vakspesifieke leerinhoude vir leerders vanaf Graad 7 tot 12 in die praktyk effektief te onderrig

VIR WATTER SPESIALISERINGSRIGTINGS KAN EK KWALIFISEER?

Daar is drie spesialiseringsrigtings waarvoor jy kan kwalifiseer:

1. Tale

Studente wat die taalrigting wil neem, moet ten minste 60% in Afrikaans Huistaal en Engels Eerste Addisionele Taal behaal het.

2. Ekonomiese en Bestuurswetenskappe

Dit word aanbeveel dat studente wat die Ekonomiese en Bestuurswetenskappe-rigting wil neem, Rekeningkunde en Besigheidstudies/Ekonomie tot op matriekvlak geslaag het.

3. Natuurwetenskappe

Dit word aanbeveel dat studente wat die Natuurwetenskappe-rigting wil neem Lewenswetenskap tot op matriekvlak geslaag het.
Studente wat Wiskunde wil neem, moet egter Wiskunde met ten minste 50% op matriekvlak geslaag het.
Studente wat Wiskundige Geletterdheid wil neem, moet Wiskunde of Wiskundige Geletterdheid op matriekvlak geslaag het.

MODUS VAN AFLEWERING

- Studente woon verpligte kontaksessies op Aros se kampus in Waverley , Pretoria by.
- Onderrigondersteuning vind deurlopend deur middel van e-Klas (aanlyn) plaas.
- Praktiese onderwys: Daar word van studente verwag om vir bepaalde tye praktiese ondervinding by skole op te doen. Studente word vir die praktiese onderwysperiode deur Aros by 'n skool geplaas. Dit geld vir gevalle waar die student nie alreeds by 'n skool betrokke is nie.
  - Eerstejaarstudente begin met praktiese onderwys in die derde skoolkwartaal vir 'n tydperk van drie weke aaneenlopend.
  - Tweedejaarstudente voltooi twee tydperke van drie weke elk aaneenlopend.
  - Derdejaarstudente voltooi twee tydperke van drie weke elk aaneenlopend.
  - Vierdejaarstudente voltooi drie tydperke van drie weke elk aaneenlopend. Die eerste drie weke vind plaas met die aanvang van die skooljaar in die eerste kwartaal.

BEd in Senior Fase & Verdere Onderwys en Opleiding-onderrig		
Tale	**Natuurwetenskappe**	**Ekonomiese en Bestuurswetenskappe**
Programinligting		
• NKR-vlak 7: 528 krediete • Aantal modules per jaar: ± 8 modules per semester • Tydsduur: 4 jaar	• NKR-vlak 7: 528 krediete • Aantal modules per jaar: ± 8 modules per semester • Tydsduur: 4 jaar	• NKR-vlak 7: 528 krediete • Aantal modules per jaar: ± 8 modules per semester • Tydsduur: 4 jaar
Kostes: Jaar 1		
• Aansoekgelde: R250 • Registrasie: R3 500 (eerste deposito) • Klasgelde: ±R 47 000 (eerste deposito ingesluit) • Handboeke: ± R5 500	• Aansoekgelde: R250 • Registrasie: R3 500 (eerste deposito) • Klasgelde: ±R 47 000 (eerste deposito ingesluit) • Handboeke: ± R5 500	• Aansoekgelde: R250 • Registrasie: R3 500 (eerste deposito) • Klasgelde: ±R 47 000 (eerste deposito ingesluit) • Handboeke: ± R5 500
Programuiteensetting Jaar 1		
• Akademiese Geletterdheid • Inleiding tot Rekenaarvaardighede • Taalvaardigheid Afr. • Taalvaardigheid Eng. • Sepedi Kommunikasietaal • Wêreldbeskouingsleer • Onderwysreg • Opvoedkundige Sielkunde 1 • Klaskamerbestuur • Afrikaans Huistaal 1 • Engels Eerste Addisionele Taal 1 • Taalvlakonderrig Afrikaans • Taalvlakonderrig Engels • Onderwyspraktyk	• Akademiese Geletterdheid • Inleiding tot Rekenaarvaardighede • Taalvaardigheid Afr. • Taalvaardigheid Eng. • Sepedi Kommunikasietaal • Wêreldbeskouingsleer • Onderwysreg • Opvoedkundige Sielkunde 1 • Klaskamerbestuur • Lewenswetenskap 1 • Wiskunde/Wiskundige Geletterdheid 1 • Lewenswetenskap vir die Senior Fase • Statistiek vir Opvoedkunde • Onderwyspraktyk	• Akademiese Geletterdheid • Inleiding tot Rekenaarvaardighede • Taalvaardigheid Afr. • Taalvaardigheid Eng. • Sepedi Kommunikasietaal • Wêreldbeskouingsleer • Onderwysreg • Opvoedkundige Sielkunde 1 • Klaskamerbestuur • Rekeningkunde 1 • Besigheidstudies 1 • Besigheidstudies vir die Senior Fase • Ekonomie vir die Senior Fase • Onderwyspraktyk

Tale	Natuurwetenskappe	Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
Jaar 2		
• Opvoedkundige Sielkunde 2 • Bybelkunde 2 • Onderwys as Professie • Assessering • Afrikaans Huistaal 2 • Engels Eerste Addisionele Taal 2 • Tegnologie in Onderwys • Afrikaans-metodologie • Engels-metodologie • Onderwyspraktyk	• Opvoedkundige Sielkunde 2 • Bybelkunde 2 • Onderwys as Professie • Assessering • Lewenswetenskap 2 • Wiskunde/Wiskundige Geletterdheid 2 • Natuurwetenskap vir die Senior Fase • Lewenswetenskap-metodologie • Wiskunde/Wiskundige Geletterdheid-metodologie • Onderwyspraktyk	• Opvoedkundige Sielkunde 2 • Bybelkunde 2 • Onderwys as Professie • Assessering • Rekeningkunde 2 • Besigheidstudies 2 • Rekeningkunde vir die Senior Fase • Rekeningkunde-metodologie • Besigheidstudies-metodologie • Onderwyspraktyk
Jaar 3		
• Leerderondersteuning 3 • Bybelkunde 3 • Filosofie • Afrikaans Huistaal 3 • Engels Eerste Addisionele Taal 3 • Afrikaans-metodologie • Engels-metodologie • Onderwyspraktyk	• Leerderondersteuning 3 • Bybelkunde 3 • Filosofie • Lewenswetenskap 3 • Wiskunde/Wiskundige Geletterdheid 3 • Lewenswetenskap-metodologie • Wiskunde/Wiskundige Geletterdheid-metodologie • Onderwyspraktyk	• Leerderondersteuning 3 • Bybelkunde 3 • Filosofie • Rekeningkunde 3 • Besigheidstudies 3 • Rekeningkunde-metodologie • Besigheidstudies-metodologie • Onderwyspraktyk
Jaar 4		
• Navorsingsteorie • Navorsingspraktyk • Kurrikulumstudies • Filosofie • Leerderondersteuning • Afrikaans Huistaal 4 • Engels Eerste Addisionele Taal 4 • Afrikaans-metodologie • Engels-metodologie • Onderwyspraktyk	• Navorsingsteorie • Navorsingspraktyk • Kurrikulumstudies • Filosofie • Leerderondersteuning • Lewenswetenskap 4 • Wiskunde/Wiskundige Geletterdheid 4 • Lewenswetenskap-metodologie • Wiskunde/Wiskundige Geletterdheid-metodologie • Onderwyspraktyk	• Navorsingsteorie • Navorsingspraktyk • Kurrikulumstudies • Filosofie • Leerderondersteuning • Rekeningkunde 4 • Besigheidstudies 4 • Rekeningkunde-metodologie • Besigheidstudies-metodologie • Onderwyspraktyk

Diploma in
GRAAD R-
onderrig

DIPLOMA IN GRAAD R-ONDERRIG

As deel van grondslagfase-onderwys in Suid-Afrika is Graad R-onderrig spesifiek daarop gerig om Graad R-leerders toe te rus met die nodige waardes, vaardighede en kennis wat noodsaaklike boustene is vir formele onderrig in Graad 1.

Aros bied 'n Graad R-diploma aan vir onderwysers wat Graad R-poste beklee in kleuterskole en laerskole. Die kwalifikasie strek oor 'n tydperk van drie jaar en sluit 'n praktiese komponent in. Die toelatingsvereistes is 'n Senior Sertifikaat of 'n vlak 4-Nasionale Senior Sertifikaat (N4), met 'n diploma-endossement.

MODUS VAN AFLEWERING

- **Studente woon verpligte kontaksessies op Vrydae (14:00 - 21:00) OF Saterdae (07:00 - 14:00) by Aros se kampus in Waverley te Pretoria by.**
- **Onderrigondersteuning vind deurlopend deur middel van e-Klas (aanlyn) plaas.**
- **Praktiese onderwys: Daar word van studente verwag om vir bepaalde tye praktiese ondervinding by skole op te doen. Studente word vir die praktiese onderwysperiode deur Aros by 'n skool geplaas. Dit geld vir gevalle waar die student nie alreeds by 'n skool betrokke is nie.**
  - Eerstejaarstudente begin met praktiese onderwys in die derde skoolkwartaal.
  - Tweedejaarstudente voltooi ses weke praktiese onderwys. Twee weke in die tweede skoolkwartaal en vier weke in die derde skoolkwartaal.
  - Derdejaarstudente voltooi praktiese onderwys vanaf die eerste skooldag vir drie weke. Dieselfde proses word gevolg gedurende die tweede en derde kwartaal.

Diploma in Graad R-onderrig	
Programinligting	• NKR-vlak 6: 390 krediete • Aantal modules per jaar: ± 7 per semester • Tydsduur: 3 jaar
Toelatingsvereistes	• Voornemende studente moet oor 'n toelatingspunt van ten minste 445 beskik om tot die program toegelaat te word. • Voornemende studente met 'n minimum punt van 425 sal in aanmerking kom vir plasing op die waglys. Sodanige studente sal teen 31 Oktober toelating kan ontvang, indien kapasiteit dit sou toelaat. • Senior Sertifikaat of 'n vlak 4-Nasionale Sertifikaat (N4), met 'n diploma-endossement. • Moet werksaam wees in 'n Graad R-klas by 'n laerskool, kleuterskool of 'n Graad R-sentrum.
Kostes: Jaar 1	• Aansoekgelde: R250 • Registrasie: R3 500 • Klasgelde: ±R 45 000 (eerste deposito ingesluit) • Handboeke ± R5 500
Programuiteensetting Jaar 1	Akademiese Geletterdheid; Afrikaans Lees; Inleiding tot Rekenaarvaardighede; Kritiese Denke en Probleemoplossing; Leer- en Lewenstrategieë; Didaktiek; Religiestudies; Oriëntering tot Graad R-onderrig; Inleidende Teoretiese Raamwerk vir Graad R; Afrikaans; English Reading; Inleidende Wiskunde; Opvoedkundige Sielkunde 1; Bybelkunde 1; Klaskamerbestuur; Onderwyspraktyk 1 vir Graad R.
Jaar 2	Bybelkunde 2A; Opvoedkundige Sielkunde 2A; Graad R-omgewing: Gesondheid; Onderrig van Graad R-Wiskunde 2A; Onderrig van Afrikaans Eerste Taal; Lewensvaardighede: Kuns; Lewensvaardighede: Liggaamlike Opvoeding; Onderwyspraktyk 2 vir Graad R; Bybelkunde 2B; Graad R-omgewing: Veiligheid; Onderrig van Graad R-Wiskunde 2B; Lewensvaardighede: Natuurwetenskappe; Lewensvaardighede: Musiek; Sepedi Kommunikasievlak.
Jaar 3	Assessering in Graad R; Bybelkunde 3A; Leerderondersteuning; Perseptuele Vaardighede; English Additional Language Teaching in Grade R; Lewensvaardighede: Sosiale Wetenskappe; Onderwyspraktyk 3 vir Graad R; Filosofie van die Opvoedkunde; Vroeë Kinderontwikkeling; English Additional Language; Kinderliteratuur vir Graad R; Lewensvaardighede: Persoonlike en Sosiale Welsyn.

NGOS

Nagraadse Onderwyssertifikaat

NGOS

NGOS (Nagraadse Onderwyssertifikaat) Senior Fase (SF) en Verdere Onderwys en Opleiding (VOO)

Die NGOS SF & VOO rus die student wat reeds oor die nodige vakkennis in ’n vakgebied beskik toe om die vakspesifieke leerinhoude vir leerders vanaf Graad 7 tot 12 in die praktyk effektief te onderrig.

VIR WATTER SPESIALISERINGSRIGTINGS KAN EK KWALIFISEER?

Daar is drie spesialiseringsrigtings waarvoor jy kan kwalifiseer:

1. Tale

Vir die VOO-vakmetodiek:

Studente wat in Afrikaans Huistaalonderrig wil spesialiseer, moet ten minste Afrikaans 3 geslaag het.

Studente wat in Engels Eerste Addisionele Taal wil spesialisieer, moet ten minste English Language 3 en Literature op NKR-vlak 7 geslaag het.

Vir die Senior Fase-vakmetodiek:

Voorvereiste: Afrikaans 2/English 2.

2. Ekonomiese en Bestuurswetenskappe

Vir die VOO-vakmetodiek:

Studente wat die Ekonomiese en Bestuurswetenskappe-rigting wil neem, moet aan die volgende vereistes voldoen:

- Om te spesialiseer in Rekeningkunde-onderrig, is die voorvereistes Rekeningkunde 2 of Finansiële Bestuur 2 + Rekeningkunde 1.
- Om te spesialiseer in Besigheidstudies-onderrig, is die voorvereistes Besigheidsbestuur 2 of Besigheidsekonomie 2 of Besigheidsadministrasie 2 of Kleinbesigheidsbestuur 2.

Vir die Senior Fase-vakmetodiek:

Voorvereiste om te spesialiseer in die onderrig van EBW (Ekonomiese en Bestuurswetenskappe) in die senior fase: Een van die volgende vakke op tweedejaarsvlak voltooi: Rekeningkunde/Ekonomie/Besigheidsbestuur/ Besigheidsadministrasie.

3. Natuurwetenskappe

Vir die VOO-vakmetodiek:

Studente wat die Natuurwetenskap-rigting wil neem, moet aan die volgende vereistes voldoen:

- Om te spesialiseer in Wiskunde-onderrig, is die voorvereiste Wiskunde 2 of Statistiek 2 of Toegepaste Wiskunde 2.
- Om te spesialiseer in Lewenswetenskap-onderrig, is die voorvereiste Botanie 2 en Soölogie 1 of Soölogie 2 en Botanie 1 of Biologie 2.

Vir die Senior Fase-vakmetodiek:

Voorvereiste om te spesialiseer in die onderrig van Wiskunde in die senior fase: Wiskunde 2.

Voorvereiste om te spesialiseer in die onderrig van Natuurwetenskappe in die senior fase: Biologie 2/Botanie 2/Soölogie 2/Fisika 2/Chemie 2/Geografie 2.

MODUS VAN AFLEWERING

- Hierdie kursus word hoofsaaklik aanlyn (e-Leer) aangebied met akademiese ondersteuning tydens beperkte ontmoetingsgeleenthede.
- Onderrigondersteuning vind deurlopend deur middel van e-Klas (aanlyn) plaas.
- Praktiese onderwys: Daar word van studente verwag om vir bepaalde tye praktiese ondervinding by skole op te doen. Die tydperke van die prakties sal bepaal word deur die student se keuse om die NGOS voltyds of deeltyds te voltooi.
  - Voltydse studente (1 jaar, vergunning tot 2 jaar): Semester 1: 4 weke, Semester 2: 4 weke.
  - Deeltydse studente (2 jaar, vergunning tot 3 jaar): 2 weke per semester.

NGOS	
Programinligting	• NKR-vlak 7 • Aantal modules per jaar: ± 6 per semester • Tydsduur: 1 jaar
Kostes: Jaar 1	• Aansoekgelde: R250 • Registrasie: R3 500 (eerste deposito) • Klasgelde: ±R 47 000 (eerste deposito ingesluit) • Handboeke: ± R5 500

Programstruktuur	
Semester 1	Semester 2
• Tegnologie in die Onderwys • Opvoedkundige Sielkunde • Assessering in die Opvoedkunde • Bybelkunde • Onderwyspraktyk • Professionele Etiek, Onderwysreg, Onderwysbestuur en Onderwysstelsels • Metodologie (Senior Fase) • Metodologie (VOO)	• Inklusiewe Onderwys • Filosofie van die Opvoedkunde • Onderwyspraktyk • Opvoedkunde: Professionele Studies en Kurrikulumstudies • Metodologie (Senior Fase) • Metodologie (VOO)

Volg ons op sosiale media

@arosonnies

Aros Studenteraad

@aros_studente